# Hoekom ons nie spaar nie

*Suid-Afrikaners se onvermoë om te spaar het ons gedurende die ekonomiese insinking besonder kwesbaar gemaak. Ons kan die skuld op ons ekonomiese siklus plaas, of ons kan beheer neem van ons finansies.*

In Julie het FinMark Trust ‘n opname bekend gemaak wat die finansiële kwesbaarheid van Suid-Afrikaanse verbruikers getoets het. Die uitslae van die Verbruikerskwesbaarheidsindeks wys dat Suid-Afrikaners met ‘n telling van 5.17 finansieel kwesbaar is. Hoe hoër die telling, hoe meer kwesbaar is ons. Verbruikers in Europese lande het byvoorbeeld heelwat laer tellings, soos Swede met 0.4, Noorweë met 0.9, Denemarke met 1.3, Brittanje met 3.1 en Ierland met 3.4.

## Angs oor spaargeld

Die interessantste van die navorsing is die feit dat die swakste tellings verband hou met kwesbaarheid rondom spaargeld – naamlik ‘n telling van 5.74. Ons as Suid-Afrikaners voel veral kwesbaar omdat ons nie beduidende spaargeld het wat ons deur moeiliker ekonomiese tye kan dra nie.

Namate ons oor al hoe meer afdankings lees of hulle in ons eie ondernemings beleef, laat die feit dat ons bitter min spaargeld het, ons meer kwesbaar voel. Statistieke wys dat die meeste Suid-Afrikaners net een salaristjek tussen hulself en ‘n ekonomiese ramp het.

Hoewel ons bekommerd is oor ons onvermoë om te spaar, doen ons klaarblyklik baie min daaroor. Omtrent 35% van die respondente het gesê die rede waarom hulle nie spaar nie, is eenvoudig omdat hulle dit nie kan bekostig nie.

## Verbruikskultuur

Terwyl dit waar mag wees van lae inkomstegroepe, kom die klagte dikwels van verdieners in hoër inkomstegroepe. Anders as internasionale aanduidings dat mense met hoër inkomstes geneig is om meer te spaar namate hul inkomste styg, is Suid-Afrikaners nie geneig om dit te doen nie.

Ons as Suid-Afrikaners is geneig om veel meer op verbruik te bestee as mense in ander lande. Professor Carel van Aardt, Navorsingsdirekteur by Unisa se Buro vir Marknavorsing, wat die studie namens FinMark Trust onderneem het, sê die navorsing wys dat huishoudings in hoër inkomstegroepe geneig is om elke twee jaar ‘n nuwe motor te koop en elke 5 tot 10 jaar hul woonplek op te gradeer, eerder as om met skuld klaar te speel. Die kommerwekkendste aspek is miskien die feit dat Suid-Afrikaners in hul 40’s en 50’s diep in die skuld is – terwyl dit ‘n tyd is waarin hulle skuldvry behoort te wees en hul bykomende inkomste vir aftrede behoort te spaar.

Sommige ekonome is van mening dat hierdie hoë vlak van verbruik ‘n natuurlike siklus in ‘n opkomende ekonomie is. Namate ‘n groot deel van enige bevolking ekonomies meer aktief raak, sal hulle ook meer geld op verbruiksgoedere bestee. Terwyl ‘n huishouding in ‘n ontwikkelde ekonomie sal wik en weeg of ‘n nuwe televisiestel gekoop moet word en of die ekstra inkomste eerder bespaar moet word, sal ‘n opkomende middelklas-gesin debatteer oor die wenslikheid al dan nie om enigsins ‘n televisiestel te hê. Eers wanneer ‘n

beduidende deel van die bevolking die goedere en dienste verkry het wat ‘n meer ontwikkelde ekonomie reeds het, sal verbruik sigbaar begin stabiliseer.

## Belangrik om te begroot

Professor van Aardt sê wanneer die geskiedenis nie in ag geneem word nie, kan ‘n gebrek aan begroting egter die skuld kry vir mense se onvermoë om te spaar. Ondanks hul opvoeding is hoër inkomste-verdieners verbasend finansieel ongeletterd wanneer dit by die bestuur van dag-tot-dag persoonlike finansies kom, sê prof. Van Aardt. Die gemiddelde hoë inkomste-verdiener is geneig om nie te begroot of die werklike koste van ‘n item te bereken voordat skuld daarvoor aangegaan word nie.

Dit is deels te wyte aan ‘n sielkundige reaksie. Mense voel blykbaar as hulle oor geld moet praat of vir iets moet begroot, dan is hulle nie suksesvolle voorsieners nie. Tog is dit haas onmoontlik om sonder ‘n begroting binne jou vermoë te lewe. Hoe sal jy weet of jy iets kan bekostig as jy nie eers weet hoeveel geld in en uit jou bankrekening beweeg nie? ‘n Besigheid kan nie lank oorleef as die finansies daarvan nie bestuur word met ‘n goeie begrip van sy kontantvloei en uitgawes nie.

## Hoe om vir besparing te begroot

Die fout wat baie mense maak wanneer hulle ‘n begroting opstel, is om met al hul maandelikse uitgawes te begin en dan te bereken wat bly oor om te spaar. Dit is die rede waarom so baie mense reken hulle kan nie bekostig om te spaar nie.

- Dit is net so belangrik om jou toekomstige self te betaal as wat dit is om huidige uitgawes te finansier.
- Trek eers jou spaargeld af van jou beskikbare inkomste. Wat oorbly, is die ‘werklike’ bedrag geld wat jy vir uitgawes beskikbaar het.
- As jy nie reeds genoeg spaar nie, mag jy dalk vind dat dit die eerste paar maande finansieel knap sal gaan, maar jy sal wel aanpas by ‘n lewenstyl volgens die nuwe inkomste.
- Jou prioriteite sal verander en jy sal dalk vind dat dit veel meer bevredigend is om binne jou perke te lewe as om ‘n nuwe paar skoene of ‘n plasmaskerm-televisiestel te koop.
- Wat die Verbruikerskwesbaarheidsindeks ons wys, is dat ons minder kwesbaar voel namate ons meer spaargeld het. Dit kan sekerlik ook tot ons langtermyn geluk bydra.